**VRAAG 1**

Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae in volsinne, tensy anders gevra.




[Uit: Bylae by *Die Burger*, 26 April 2007, bl. 3, Fred Mouton]

1.1 Hoe weet 'n mens uit Maggie se man se liggaamstaal dat hy kwaad is? (2)

1.2 Verduidelik waarom Maggie gekla het. (2)

1.3 Is die volgende *stelling* **WAAR** of **ONWAAR**? *Verduidelik jou antwoord.*

Maggie se man weet dat stadige motors eintlik nie in die vinnige baan moet ry nie. (2)

1.4 Watter woord in die volgende lys beskryf die ander motoriste se gevoelens die beste?

opgewonde, verdraagsaam, senuweeagtig, geïrriteerd (1)

1.5 Beskryf kortliks hoe die drie voertuie agter Maggie en haar man van mekaar verskil. (3)

**[10]**

**VRAAG 4**

Die onderstaande vrae is op die volgende advertensie gebaseer:




4.1 Skryf die eerste sin ("Seblief kan ons ...") in korrekte Afrikaans en met die nodige punktuasie oor. (3)

4.2 Verander die volgende sin na 'n vraag:

By Ouma is dit so vervelig! (1)

4.3 Gee 'n antoniem vir "vervelig". (1)

4.4 Gebruik die woord "verveeld" in 'n duidelike sin. (1)

4.5 Verbeter die woordorde in die volgende sin:

Hulle gaan Mauritius toe per vliegtuig volgende week. (1)

4.6 Gee een woord vir die gedeeltes tussen hakies:

a) Daar is 'n klomp (klein kinders) op die strand.
b) Die (vrou wat in die biblioteek werk) sal jou help om boeke oor Mauritius te vind. (2)

4.7 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:

Vir die kinders is dit (lekker) om na Mauritius as na hul ouma te gaan. (1)

**[10]**

**VRAAG 5**

Lees die strokie en voer dan die opdragte uit.




[Uit *Louis die laeveldleeu en trawante*, Wim Bosman, bl. 9, Lapa-uitgewers, ISBN 0 7993 2924 X]

5.1 Skryf die hoenderhaan se woorde in raam 1 in die toekomende tyd. (1)

5.2 Skryf in die verlede tyd:

Wanneer die hek oop is, kan die beeste uit die kamp kom. (2)

5.3 Skryf in die indirekte rede en begin soos aangedui:

Die bobbejaan het gesê: "Doors het gister dorp toe gejaag."

Die bobbejaan het gesê dat ... (1)

5.4 Skryf in die direkte rede:

Die hoenderhaan het geskok uitgeroep en gevra of Doors regtig teen die hek vasgery het. (2)

5.5 Verbind die sinne met betreklike voornaamwoorde:

a) Die hek is naby Faan se huis. Die bobbejaan praat van die hek.
b) Dit is die man. Hy het in die toe hek vasgery. (2)

5.6 Skryf in die bedrywende (aktiewe) vorm:

Wie het die hek toegemaak? (1)

5.7 Skryf in die lydende (passiewe) vorm:

Daar word oor Doors se ongeluk geskinder. (1)

5.8 Skryf in die ontkennende vorm:

a) Het iemand die hek toegemaak?
b) Die hek staan nog oop. (2)

5.9 Verbind die sinne met die voegwoorde tussen hakies:

a) Doors kla altyd. Die hek is nie toe nie. (as)
b) Die man het in die hek vasgery. Hy het gedink die hek sal oop wees. (want)
c) Die hek is reeds oop. 'n Mens moet stop om dit oop te maak. (tensy) (3)

**[15]**

**[TOTAAL: 65 punte ÷ 1.625 = TOTAAL UIT 40]**



**VRAAG 1**

Bestudeer die volgende strokie noukeurig en beantwoord die vrae in volsinne, tensy anders gevra.




[Uit *Louis die laeveld-leeu en trawante*, Wim Bosman, bl. 44, Lapa-uitgewers, ISBN 0 7993 2924 X]

1.1 Wat maak die hoenderhaan nuuskierig in raam 1? (2)

1.2 Waaroor is die hoenderhaan bekommerd in raam 2? (2)

1.3 Verduidelik kortliks watter soort werk 'n "spietkop" doen. (2)

1.4 Wat was die twee drade wat die bobbejaan gevat het? (2)

1.5 Hoe, dink jy, gaan die spietkops voel wanneer hulle wakker word? Verduidelik. (2)

**[10]**

## Lees: 'n Inligtingsteks

1 Joernaliste kommunikeer elke dag met mense.

2 Hulle werk by koerante, tydskrifte, radiostasies en televisiestasies. Vir koerante en tydskrifte samel hulle al die nuus in, skryf artikels daaroor en redigeer die artikels. By radio- en televisiestasies stel hulle die programme saam en bied dit aan. Hulle lig mense in, voed hulle op en vermaak hulle. Die omgewing waarin die joernaliste werk, word die media genoem.

3 Om 'n joernalis te word moet jy goed doen in tale en die skryf van opstelle. Vakke wat 'n mens se algemene kennis verbreed, sal help. 'n Joernalis moet ook rekenaarvaardig wees en dit sal help as jy vinnig kan tik.

4 'n Graad (nie altyd in die joernalistiek nie) of ten minste 'n diploma (in die joernalistiek) is die belangrikste paspoorte na 'n loopbaan in die joernalistiek.

5 By baie Suid-Afrikaanse universiteite kan nagraadse studente hulle vir 'n jaar lange joernalistiekkwalifikasie inskryf. Omdat daar baie verskillende soorte joernaliste is, word geen spesifieke graad of vakke vir toelating vereis nie. By van die universiteite vir tegnologie kan studente ná 'n studie van drie jaar 'n diploma in die joernalistiek behaal. Hulle kan ook 'n jaar langer studeer om die graad BTech in joernalistiek agter hul naam te skryf.



6 Joernaliste het 'n baie lekker werk. Hulle leer interessante en bekende mense ken. Hulle kan opwindende plekke oor die wêreld besoek.

7 Die nadeel is dat hulle lang ure werk. Hulle werk ook dikwels ongereelde ure. By oggendkoerante moet hulle van laat in die middag tot om middernag werk. By middag- en aandkoerante is die gereelde werktyd miskien van douvoordag tot in die middag. Radio- en televisieverslaggewers werk dag- of aandskofte. Tydskrifjoernaliste werk gewoonlik bedags. Die gejaag om spertye te haal, veroorsaak stres.

8 Tog is daar gebore "nuusjagters" wat die opwinding van die lewe van 'n joernalis vir min ander werke sal verruil.

*(Uit: Mieliestronk)*



**W** Woordeskat

**algemene kennis:** *general knowledge*; kennis wat jy kry deur te lees, televisie te kyk, radio te luister
**douvoordag:** *early in the morning*; vroeg in die oggend
**graad:** *degree*; kwalifikasie dat jy aan 'n universiteit studeer het
**middernag:** *midnight*; twaalfuur in die nag
**nuusjagter:** *newshound*; iemand wat baie graag nuus soek
**redigeer:** *edit*; soek foute in skryfwerk en maak dit reg
**rekenaarvaardig:** *computer literate*; weet hoe om met 'n rekenaar te werk

## Hoe goed verstaan jy die inligtingsteks?

1. Noem twee dinge wat joernaliste by tydskrifte doen.
2. Wat doen 'n joernalis by 'n radiostasie?
3. Die omgewing waar joernaliste werk, word 'n werkplek genoem. Is die stelling waar of onwaar? Motiveer jou antwoord deur een woord uit die teks aan te haal.
4. Voltooi: Die grootste werk van 'n joernalis is om ____ en ____ te doen.
5. Noem twee dinge wat jy moet hê om 'n joernalis te word.
6. Sal 'n student met 'n diploma in die joernalistiek verder as joernalis kan studeer? Motiveer jou antwoord.
7. Hoe lank is 'n nagraadse kwalifikasie in joernalistiek? Antwoord deur twee woorde uit die teks aan te haal.
8. Kies die regte antwoord:
   Die nadeel van joernaliste se werk is dat hulle:
   a) elke dag in 'n kantoor werk.
   b) lang ure werk.
   c) bekende mense leer ken.
   d) net in die oggend werk.
9. Noem een rede hoekom die werk van 'n joernalis lekker kan wees.
10. Wat kan stres vir joernaliste veroorsaak?
11. Is die volgende stelling 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord.
    Om 'n joernalis te word moet jy goed doen in tale en die skryf van opstelle.
12. Lees paragraaf 7 weer. Wat is die skrywer van die teks se houding teenoor die werk van 'n joernalis?
13. Som die positiewe en negatiewe eienskappe van 'n joernalis se werk in 'n tabel soos die een hieronder op.

| Positiewe eienskappe | Negatiewe eienskappe |
| --- | --- |
| | |

14. Wat impliseer die volgende sin oor wat die skrywer van die teks van die werk van 'n joernalis dink?
    Die gejaag om spertye te haal, veroorsaak stres.

# Skryf: 'n Vriendskaplike brief

Beantwoord hierdie brief wat Lee-Ann in 'n lang skoolvakansie aan 'n maat geskryf het. Gee raad en wenke oor hoe sy by haar nuwe skool kan aanpas. Kyk baie goed na die **vorm van die brief**, die gebruik van **leestekens** en die kommentaar by die brief. Konsentreer daarop om **stelsinne** korrek te skryf. Jy moet 120 tot 150 woorde skryf.

Hoofstraat 12
Philipstown
8795
27 Desember 2012

*(Huisadres en die datum regs bo (sonder leestekens) – straatnaam voor huisnommer.)*

*(Reël oop tussen adres en aanhef)*

Hallo Denzil

*(Aanhef (die groetwoorde))*

Ek is saam met my ma-hulle hier by my oupa en ouma op Philipstown, in die hartjie van die Karoo. Dis 'n vreeslike klein dorpie en hier is niks om te doen nie, toe besluit ek om 'n brief te skryf – 'n regte brief met 'n pen op papier.

*(Inleidende paragraaf)*

Jy het seker 'n lekker tyd daar in die Kaap. In jou SMS van gister sê jy julle was by die Waterfront. Ek beny jou!

Ek gaan mos vanjaar na 'n nuwe skool en voel 'n bietjie senuweeagtig, want ek ken niemand daar nie. Ek weet ook die skoolwerk sal moeiliker wees as in Graad 9 en ek is bang dat ek sal sukkel. Jy het mos verlede jaar nuut by jou skool begin, maar ek weet jy is gelukkig daar.

Ons is nog twee weke hier. Jy moet asseblief terugskryf (nie e-pos nie) na die adres bo-aan die brief. Ek weet ons kan MXit, maar ek sal bly wees as jy my in 'n brief wenke kan gee oor hoe ek moontlike probleme by 'n nuwe skool kan oorkom.

*(Inhoud van die brief is in volsinne wat in paragrawe gerangskik word.)*

Groete uit 'n stowwerige dorpie.

*(Slotparagraaf, gewoonlik net een sin met 'n punt aan die einde.)*

Jou verveelde vriendin

*(Slot, geen leesteken nie.)*

Lee-Ann

*(Jou naam (sonder 'n leesteken))*



# Taal in konteks: Woordorde en woordkeuse

1. Skryf die volgende stelsinne oor, maar begin met die onderstreepte woorde. Let op dat die **woordorde** in die sin verander as jy dit doen.

   Voorbeeld: **Ek maak** staat <u>op my twee goeie vriende</u>.
   <u>Op my twee goeie vriende</u> **maak ek** staat.

   a) Ek vertrou <u>daardie mooiweersvriend</u> nie meer nie.
   b) David het al baie vriende <u>by die nuwe skool.</u>
   c) Nozuko het gereeld kontak <u>met haar Facebook-vriende</u>.
   d) Ek glo altyd <u>eerlike, betroubare mense</u>.

2. Die woorde wat 'n mens kies om te gebruik, hang ook af van die **gevoel** wat jy daarmee wil oordra. Kyk na die volgende sinne:
   - Die man is so **vet** omdat hy te veel **vreet**. (ongevoelig en ongemanierd)
   - Die man is so **geset** omdat hy te veel **eet**. (sagter gestel)

   Vervang die vetgedrukte woorde in die sinne met vriendeliker of hofliker woorde uit die kassie.

   gestremde, voete, drink, maag, seun, hond, dom, motor,
   Bly stil, loop, geëet, vuil, huil, lelike

   a) Die lui **vent** is nie my vriend nie. Hy **suip** te veel en is uit die span geskors.
   b) Jou **pote** is te vuil om oor my mat te loop en jou hande is te **smerig!**
   c) Moenie nou begin **tjank** nie. Ek weet jy is nie so **onnosel** nie.
   d) Die **gebreklike** leerder sit in 'n rolstoel.
   e) Kurt ry stad toe in sy **tjor** en **slenter** in die strate rond.
   f) Die **aaklige brak** blaf by die hek.
   g) **Hou jou bek** en gaan sit!
   h) My **pens** is skoon seer na ek soveel **gevreet** het.

3. Pas elke verduideliking in kolom B by 'n **idioom** in kolom A.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| a) 'n Mooiweersvriend | Iemand wat met almal vriende is. |
| b) 'n Allemansvriend | 'n Baie goeie, intieme vriend. |
| c) Iemand aan sy vriende ken | Iemand wat met almal vriende is, het min ware vriende. |
| d) 'n Boesemvriend | Baie goeie vriende wees. |
| e) 'n Vriend in nood | Iemand op wie jy altyd kan staatmaak. |
| f) Allemansvriend is niemandsvriend | Iemand **beoordeel** (*judge*) na die mense met wie hy of sy vriende is. |
| g) Dik vriende wees. | 'n **Onbetroubare** (*unreliable*) vriend. |

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

**HERWINNING ('RECYCLING')**

Vullis wat oral in hope rondlê, is (5.1.1) ('n/die) grootste probleem in ons land. Dit lyk baie (5.1.2) (mooi) wanneer honderde plastieksakke oral rondwaai. Dit is ook nie goed vir die natuur nie. Daar val elke jaar byna 8 ton plastiek (5.1.3) (...) die see. Dit is baie nadelig vir die seelewe.

Dit het tyd geword dat elke (5.1.4) (land+burger) begin herwin. 'n Mens herwin as (5.1.5) (...) gebruikte produkte vir iets anders gebruik. Dit help (5.1.6) (die baie vullis verminder). Dit bespaar ook natuurlike (5.1.7) (hulpbron) soos hout en water. Ons hoef dan nie so baie daarvan te gebruik om (5.1.8) (nuut) produkte te maak nie.

(5.1.9) (Glas papier en plastiek) word nie op dieselfde manier herwin nie. Daarom moet die verskillende soorte (5.1.10) (material/materiaal) van mekaar geskei word voordat dit herwin kan word. Papier wat herwin word, kan weer gebruik word om kartondose te maak. Glas kan gebruik word om ander glasware te maak. (5.1.11) Mense het kleurvolle handsakke en vloermatjies van plastieksakke gevleg. (5.1.12) (Kombuisafval) kan kompos vir die plante word.

Herwinning sorg nie net vir 'n skoner omgewing nie, (5.1.13) (maar) ook vir 'n gesonder omgewing. Almal moet saamwerk om ons omgewing skoon te hou; selfs die (5.1.14) (kinders).

[Verwerk uit huisgenoot.com]

5.1.1 Kies die korrekte LIDWOORD.

Vullis wat oral in hope rondlê, is ('n/die) grootste probleem in ons land. (1)

5.1.2 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Dit lyk baie (mooi) wanneer honderde plastieksakke oral rondwaai. (1)

5.1.3 Vul die korrekte VOORSETSEL in.

Daar val elke jaar byna 8 ton plastiek ... die see. (1)





5.1.4 Vorm 'n SAMESTELLING met die woorde tussen hakies.

Dit het tyd geword dat elke (land+burger) begin om te herwin. (1)

5.1.5 Vul die ontbrekende PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in.

'n Mens herwin as ... gebruikte produkte vir iets anders gebruik. (1)

5.1.6 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF.

Dit help (die baie vullis verminder). (1)

5.1.7 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Dit bespaar ook natuurlike (hulpbron) soos hout en water. (1)

5.1.8 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Ons hoef dan nie so baie daarvan te gebruik om (nuut) produkte te maak nie. (1)

5.1.9 Vul die ontbrekende LEESTEKEN by die gedeelte tussen hakies in.

(Glas papier en plastiek) word nie op dieselfde manier herwin nie. (1)

5.1.10 Kies die korrekte SPELLING tussen hakies.

Daarom moet die verskillende soorte (material/materiaal) van mekaar geskei word voordat dit herwin kan word. (1)

5.1.11 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Mense het kleurvolle handsakke en vloermatjies van plastieksakke gevleg. (1)

5.1.12 Verdeel "Kombuisafval" in LETTERGREPE. (1)

5.1.13 Gebruik die HOMOFOON van "maar" in 'n sin sodat die betekenis duidelik is. (1)

5.1.14 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Almal moet saamwerk om ons omgewing skoon te hou; selfs die (kinders). (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




[Uit: google images]

5.2.1 Vorm die korrekte PERSOONSNAAM van die werkwoord tussen hakies.

Die meisie **studeer** nog. Ons sê sy is 'n (studeer). (1)

5.2.2 Voltooi die sin.

Sy gebruik haar ... om seker te maak dat sy soggens betyds wakker word. (1)

5.2.3 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

Die meisie studeer (elke aand) tot laat. (1)

5.2.4 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Daar is 'n boekmerk in elke boek. Die meisie weet tot waar sy laas gelees het. (daarom) (1)

5.2.5 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies.

Hoe (hard) sy studeer, hoe beter sal haar punte wees. (1)

5.2.6 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die meisie het al die boeke by die (plek waar 'n mens boeke leen) gekry. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

3. Gee 'n woord uit die advertensies wat die teenoorgestelde beteken as die volgende:
   a) gevind (advertensie 1)
   b) later (advertensie 3)
   c) lelike (advertensie 5)
   d) meisie (advertensie 5)
   e) tjek (advertensie 1)
4. Skryf die volgende voluit:
   a) 21 (advertensie 1)
   b) 11 nm. (advertensie 1)
   c) 40% (advertensie 5)
5. Sê of die volgende stellings uit die advertensies *feite* of *menings* is. Motiveer jou antwoord.
   a) Advertensie 4: Romanza Klub help al 11 jaar eensame mense.
   b) Advertensie 4: Romanza Klub dink dat jy jou ideale lewensmaat by hulle kan ontmoet.
   c) Advertensie 5: Die versekeringsmakelaars dink Isak Davel is 'n aantreklike man.
   d) Advertensie 5: Vrouens kry 40%-afslag op hulle motorversekering.
6. Skryf die volgende sinne oor en voeg 'n dubbelpunt of komma in waar nodig:
   a) As jy eensaam is, is daar hoop by Romanza Klub SMS jou besonderhede vir hulle.
   b) Jy moet die volgende inligting vir hulle stuur geslag, ouderdom en belangstellings.
   c) Jy sal die ideale lewensmaat hier ontmoet 'n lewensmaat met dieselfde norme en waardes 'n lewensmaat wat jou gelukkig sal maak.
   d) Versekeringsmakelaars (Edms.) Bpk. sê "Isak Davel, jy kan nie 40%-afslag kry nie."

## BLADSAK-KOSBLIK

### Leesbegrip

- 'n **Feit** is iets wat werklik bestaan en waarvan bewys kan word deur [illegible] navorsing. Daar word verwys na ware plekke, persone, syfers en datums.
- 'n **Mening** is 'n persoon se eie belewing van 'n saak. Hoe hy/sy voel. Woorde soos [illegible] *van mening*, *mense sê* en *almal dink so* dui aan dat dit 'n mening is.

### Leestekens

**Die kommapunt**

- skei twee sinne wat inhoudelik baie nou by mekaar aansluit, byvoorbeeld: Die graad elfs het baie goed gedoen; André is die toppresteerder.
- word gebruik in die plek van die voegwoord wat weggelaat is, byvoorbeeld: 'n Goeie student moet moed hê; hy moet genoeg rus; hy moet altyd gesond eet.

**Die dubbelpunt** word gebruik:

- voor 'n lys, byvoorbeeld: Die meisie het baie goeie eienskappe: vriendelik, [illegible] en nederig.
- voor 'n verduideliking, byvoorbeeld: Doen die opsomming soos volg: lees die berig deur en soek dan die hoofpunte.
- by die direkte rede, byvoorbeeld: Die onderwyser sê: "Ons het nou hard gewerk."

## Skryf jou advertensie op 'n vorm oor

Jy het besluit om jou advertensie in die plaaslike koerant te plaas.



⊙ Skryf die advertensie in 60-80 woorde op die onderstaande vorm oor. Teken die vorm in jou werkboek oor. Voltooi jou persoonlike besonderhede ook op die vorm.

VOLLE NAAM: ____________________

HANDTEKENING: ____________________ TEL. (S) __________ (H) __________

FISIESE ADRES: ____________________

POSADRES: ____________________

KREDIETKAART ☐ TJEK ☐ KONTANT ☐ ANDER ☐

ID NO.: ____________________

____________________

____________________

____________________

____________________

____________________

____________________

____________________

____________________

**Daaglikse assessering:** Gebruik die volgende kontrolelys voordat jy jou advertensie en ingevulde vorm vir formele assessering inhandig.

| Voltooi vorm en advertensie | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Vorm:<br>• Is jou volledige besonderhede ingevul?<br>• Het jy aangedui hoe jy namens die klas gaan betaal vir die plasing van die advertensie?<br>• Jou adres en posadres is volledig ingevul. | | |
| Advertensie:<br>• Is die boodskap duidelik?<br>• Kom die inhoud ooreen met die onderwerp?<br>• Is woorde korrek gespel?<br>• Is tye, sinstrukture en taalstrukture korrek gebruik?<br>• Is die sinne kort en kragtig? | | |

*The UP* se hansworse het nie witgeverfde gesigte , met wit oë en lippe nie, want in die Afrika-kultuur met sy sangomas, maak dit die kinders bang.

Navorsing oor humorterapie het bevind dat siek kinders sommer so lag-lag beter kan voel, want dit verhoog die immuniteit, verlig pyn en stel indorfien in die liggaam vry.

Jackman se droom is om teen 2010 duisend sulke *Care clowns* regoor Suid-Afrika te hê. (Verwerk uit: Rapport 20 Mei 2007)
(Marenet Jordaan) Vir meer inligting raadpleeg: www.up.givengain.org

TOTAAL AFDELING B: (10)

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 5: STROKIESPRENT

Lees die onderstaande strokiesprent aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop gebaseer is.

### TEËSPOED




"Ag nee, ek kan dit nie glo nie, 'n pap band! Ek is alreeds laat vir my afspraak," sug mev. Smit.

"Wag, laat ek aan die kant van die pad stop." Die skadu is nou wel klein, maar dis beter as niks."

Sy weet sy sal maar die band moet omruil. "Wel, hier is 'n domkrag en gereedskap in die kattebak."






"Wie hou nou hier agter my stil?" wonder sy. "Goeiemiddag, kan ek u dalk help?" vra die vreemde man. "Baie dankie, ek waardeer dit baie," sê sy.

"Wag, ek sal die gereedskap vir u aangee," bied sy aan. Dit gaan baie help, want vele hande maak ligte werk," sê hy en lag.

"Baie dankie, Meneer," sê sy. " Dis nie almal wat sal stop nie." "Mevrou, dit was 'n plesier. Ry voorspoedig! Tot siens."

| | |
|---|---|
| Die vrou bekommer 5.1. ( ___ ) oor die pap band, maar dit help nie om 'n mens te veel oor 5.2. ( haar/sy/ jou) probleme te ontstel nie. Sy sal 5.3. (baie vinnig) 'n plan moet maak om die band om 5.4 ( ___ ) ruil. Sy moet 5.5. (eet + tyd) vir 'n afspraak by die restaurant wees. | 5.1. Gee die korrekte voornaamwoord.<br>5.2. Kies die korrekte ornaamwoord.<br>5.3. Gee die korrekte vorm.<br>5.4. Gee die korrekte word.<br>5.5. Gee een woord. |
| Dis maar 'n klein 5.6. (skadu) onder die boom. Sy kan nie met 5.7. (vou) arms staan nie, want 5.8. (binnekort/kortliks) moet sy vertrek as sy betyds wil wees. As sy nie 5.9. (in die oggend) so laat slaap nie, sou sy nie die bus 5.10. ( ____ ) het nie. Nou moet sy 5.11. ( ___ ) motor 5.12. (rys/reis) | 5.6. Gee die verkleining.<br>5.7. Gee die regte vorm van die woord.<br>5.8. Kies die korrekte woord.<br>5.9. Gee een woord.<br>5.10. Gee die korrekte woord.<br>5.11. Gee die korrekte voorsetsel.<br>5.12. Kies die korrekte woord. |
| Dis nie maklik nie, maar 5.13. ( ____ ). | 5.13. Antoniem. |

A. Skryf die sinne oor soos aangedui.

1. Die man maak die vensters skoon.
Die vensters ______________________________ (2)
2. Hulle sit en gesels by die koffiewinkel.
Gistermiddag ______________________________ (1)
3. Sy hardloop by die winkel uit, dan haal sy die bus.
Gister ______________________________ (2)
4. Die vrou sê vir die seuntjie: "Die hond sal jou nie byt nie."
(Skryf in die indirekte rede)
Die vrou sê vir die seuntjie ______________________________ (2)
5. Die seuntjie moet kyk of daar motors aankom.
Die seuntjie behoort ______________________________ (1)
6. Óf die klein seuntjie, óf die man op die fiets gaan omgery word.
Nee, ______________________________ (1)
7. Gister het sy amper die bus verpas.
Vandag ______________________________ (1)
8. Die busbestuurder oorweeg dit om te vertrek.
'n Rukkie gelede ______________________________ (1)
9. Hy moenie by die bus verbyry nie,
Hy behoort ______________________________ (1)
10. Het hy al ooit van die leer afgeval?
Nee ______________________________ (1)
11. Die vrou sê vir die seuntjie: "Jy moet versigtig wees!"
(Skryf in die indirekte rede)
Die vrou skree vir die seuntjie______________________________ (2)

[15]

B. Verbind elke sin met die voegwoord tussen hakies.

1. Die klein seuntjie is in gevaar.
Die man op die fiets is in gevaar. (sowel . . .as) (1
3. Die man ry by die bus verby.
Hy moet die pakkies aflewer. (wat) (1)

[2]

C. Skryf die sinne in die regte woordorde.

1. Die twee het (land en sand) (by die koffiewinkel) (gisteroggend) gesit en gesels. (1)

[1]



D. Stel die vrae waarop die antwoorde gegee is.

1. Die man wat die vensters skoonmaak, staan op 'n leer.
Vraag: ______________________________ (1)
Antwoord: op 'n leer.
2. Die vrou praat met die man.
Vraag: ______________________________ (1)
Antwoord: met die man.

[2]

TOTAAL: [80]

## AFDELING C: FUNKSIONELE TAAL

### VRAAG VYF

***Bestudeer die onderstaande prentjie en voer die instruksies uit.***



| | |
|---|---|
| Al die mense in die kamer is besig om iets ....5.1... doen. | 5.1 infinitief |
| Ma het'n ( voor+ skoot ...5.2...) aan en kyk of die kos in | 5.2 een woord |
| die ( 5.3 pot ) op die stoof nie brand nie. Sipho is besig | 5.3 meervoud |
| om ( 5.4 pierings,borde en koppies ) te was. Die baba | 5.4 een word vir |
| dra min ( 5.5 klere / kleure ) want dis warm. Nomsa | 5.5 korrekte woord |
| speel die kitaar want sy hou van (5.6 m.........) .Thandi | 5.6 voltooi die woord |
| lê op (5.7 ......) maag en lees terwyl Sihle na die sokker | 5.7 voornaamwoord |
| kyk. Die ( 5.8 TV ) is n nuwe een wat onlangs gekoop | 5.8 skryf voluit |
| is. Op die klein (5.9 tafel ) ,is h koppie . Sihle dra h | 5.9 verkleinwoord |
| (5.10 streep) T-hemp terwyl Sipho h geruite hemp dra. | 5.10 korrekte vorm |
| Die baba se mond is ( 5.11 toe) en hy wag vir sy (5.12 m..) | 5.11 antoniem |
| Die prent wat (5.13 ) die muur hang , is skeef. | 5.12 voltooi die woord |
| Pa het ( 5.14 w... ) toe vertrek en hy moet ( 5.15 vergeet) | 5.13 voorsetsel |
| om brood te (5.16 gekoop ). | 5.14 voltooi |
| | 5.15 antoniem |



### VRAAG 6

KYK NA DIE VOLGENDE PRENT. ALLE TAALVRAE IS OP HIERDIE PRENT GEBASEER

KYK NA DIE VLG. PARAGRAAF EN VOER DIE INSTRUKSIES UIT . SKRYF NET DIE ANTWOORDE UIT.

SKRYF DIE VLG SINNE OOR MAAR BEGIN SOOS AANGEDUI .

1. Ma sit die pot op die stoof.
   ( Die pot......................................) 2
2. Die baba speel met iets op die vloer.
   ( Nee, die baba...........................) 2
3. Thandi lees h baie mooi kortverhaal .
   ( Gister.......................................) 2
4. Ma sê : " Sihle, ek is baie trots op jou "
   (Ma sê vir Sihle dat ...................) 2
5. Ma is baie besig. Die kinders moet haar help.
   (Ma is baie besig ;daarom .......................) 2
6. Nomsa is besig ( die kitaar speel )
   (Nomsa is besig om..............................) 2
7. Ons sal om vyfuur h smaaklike aandete geniet.
   (Om vyfuur..............................................) 2

TOTAAL 30

**TOTAAL 80**

## VRAAG DRIE OPSOMMING

Instruksies

- Lees die teks aandagtig deur.
- Wat is belangrik as jy 'n nuwe hond wil kry? Som die dinge in sewe volsinne op. (Let Wel: Moenie vrae neerskryf nie.)
- Jy mag nie meer as een sin oor elke ding skryf nie.
- Nommer jou sinne van 1 tot 7.
- Laat 'n reël oop na elke sin.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui aan die einde van die opsomming aan hoeveel woorde jy gebruik het.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 60 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

**'n Nuwe hond**

Baie faktore moet oorweeg word wanneer 'n mens 'n nuwe hond kry. Die volgende vrae kan jou help:

- Het jy genoeg plek? 'n Groot hond is byvoorbeeld net goed as jy 'n groot eiendom het, terwyl 'n mens in baie woonstelgeboue nie katte of honde mag aanhou nie.
- Het jy genoeg tyd? Jy moet baie tyd saam met 'n nuwe troeteldier deurbring en genoeg tyd opsysit om gereeld met jou hond te gaan stap.
- Hoe sal jou ander troeteldiere daaroor voel? Die meeste troeteldiere sal 'n nuweling aanvaar sodra hulle besef hy gaan nie hulle kos afvat nie!
- Is iemand in die huis allergies vir diere? Maak eers seker dat niemand allergies is nie, en, indien wel, raadpleeg eers jou dokter.
- Kan jy dit bekostig? Moet nooit skielik besluit om 'n troeteldier te kry nie. Dink eers goed daaroor na en doen navorsing oor ongeveer hoeveel dit maandeliks gaan kos.
- Wie gaan verantwoordelik vir die hond wees? Dit is belangrik om te besluit wie die hond gaan voer, wie sy bolle gaan optel en wie met hom sal gaan stap.
- Wat moet jy vir die hond koop of gereed kry? Waar gaan die hond slaap? Het hy 'n hok of mandjie nodig? Wat van 'n halsband en kosbakke?

[Aangepas uit Bylae by *Die Burger*, 14 Mei 2008, bl. 17]

[10]

## VRAAG VIER FUNKSIONELE TAAL

### BESTUDEER DIE VLG. PRENT EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT VOLG




4.1. Skryf die sinne oor maar begin soos aangedui.

| | | |
|---|---|---|
| 4.1.1 | Die kinders sit en studeer vir hulle eksamens. (Gister.................................. | 2 |
| 4.1.2 | Lena vra Pieter vir sy notas. (Môre.................................. | 2 |
| 4.1.3 | Moira is nog besig met haar werk. (Nee,.................................. | 2 |
| 4.1.4 | Pieter het die notas aan Lena gegee. (Vandag.................................. | 2 |
| 4.1.5 | Hendrik sê : "Ek het die boek klaar gelees." (Hendrik sê dat.................................. | 2 |
| 4.1.6. | Hendrik het die boek klaar gelees. Hy gee dit aan Glenda. (Hendrik het die boek klaar gelees; daarom.................................. | 2 |
| 4.1.7 | Glenda studeer baie hard. Sy wil die eksamen slaag. (Glenda studeer baie hard omdat.................................. | 2 (14) |

4.2 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies

| | | |
|---|---|---|
| 4.2.1 | Pieter het twee (foto) van Lena in sy skooltak. | 1 |
| 4.2.2 | Lena sit aan 'n klein (tafel). | 1 |
| 4.2.3 | Lena se ma was (baie kwaad) vir haar want sy het laat huis toe gegaan. | 1 |
| 4.2.4. | Glenda is die (slim) meisie in die klas. | 1 (4) |

4.3. Vul die ontbrekende word in.

| | | |
|---|---|---|
| 4.3.1 | Pieter se __________ hand rus op die tafel. | 1 |
| 4.3.2 | Glenda se ouers sal trots __________ haar wees. | 1 |
| 4.3.3 | Môre sal die kinders hulle eksamens __________ | 1 |

4.4 Stel die vraag op

| | | |
|---|---|---|
| 4.4.1 | Moira sit op 'n stoel. | 1 |

4.5 Vul die leestekens in

| | | |
|---|---|---|
| 4.5.1 | lena se ek sal jou notas more teruggee | 1 |

4.6 Kommunikasie

| | | |
|---|---|---|
| 4.6.1. | Dit is Moira se verjaarsdag. Wat sal Glenda aan haar sê om haar geluk te wens. | 2 (7) |

[25]

3. **Kom ons oefen koppelwerkwoorde.**

Julle hoef net die twee koppelwerkwoorde HOEF (need not) en BEHOORT (ought to) te ken.

- **Hoef** is altyd negatief en kry TE voor die werkwoord.
  HOEF nie ____________ TE werkwoord.
- **Behoort** is positief of negatief, afhangende van die sin, en kry TE voor die werkwoord.
  BEHOORT ____________ TE werkwoord
- Onthou, dit is nie die infinitief OM TE nie!




Voorbeeld:

1. Hilda ~~moet~~ nou dadelik kos bestel.

   Hilda hoef [nie] nou dadelik kos [te] bestel [nie.]

   Hilda behoort nou dadelik kos [te] bestel.
2. Die kelner moet die spyskaart vir hulle gee om te bestel.
   Die kelner behoort ____________
   Die kelner hoef ____________
3. Die kelner sal die bestelling so gou as moontlik bring.
   Die kelner hoef ____________
   Die kelner behoort ____________
4. Hilda moet ook 'n groot bestelling plaas.
   Hilda hoef ____________
   Hilda behoort ____________

ONTHOU: Wanneer daar 'n skeibare werkwoord in die sin is, skei ons die werkwoord en die TE kom in die middel van die werkwoord.
ONTHOU: Dis altyd 3 woorde, want 'n TE skei woorde!

| | |
|---|---|
| UITTREK word UIT TE TREK | LIEFHÊ word LIEF TE HÊ |
| ASEMHAAL word ASEM TE HAAL | OPTREK word OP TE TREK |
| SKOONMAAK word SKOON TE MAAK | VOORTREK word VOOR TE TREK |

5. Die gaste moet die spyskaart oopmaak.
   Die gaste behoort ____________
6. Die kos moenie onsmaaklik wees nie.
   Die kos behoort ____________
7. Hy moet die rekening uitskryf.
   Hy hoef ____________
   Hy behoort. ____________



4. **Skryf nou 'n opstel oor iets interessants wat in 'n restaurant gebeur het of iets wat jou baie verleë laat voel het.**
Jy was dalk die kelner(in) wat iets oorgekom het.
Gee die opstel 'n titel soos: MY GROOTSTE VERLEENTHEID! (20)



# KOM FLIEK SAAM !

5.
Kom ons kyk wat beplan Peanuts en sy vriendin. Rollees die strokiesprent in pare. Beantwoord dan die volgende vragies.




**VRAE:**

1. Waarheen vra hy haar?
   ____________ (1)
2. Wat gaan hulle daar eet? Gee ook 'n ander woord daarvoor.
   ____________ (2)
3. Sy noem die ou "'n vent". Wat sê dit vir ons?
   ____________ (1)
4. Noem vier moontlike verskonings wat sy kan hê.
   ____________ (4)
5. Wat dink jy van die verskoning wat sy vir hom gegee het? (Sou jy sê dit is mooi om iemand so te antwoord?)
   ____________
   ____________ (2)

(10)

# EENHEID 6




In hierdie eenheid gaan ons op die volgende let:

- Woordeskat oor vermaak: Restaurant, fliek, TV.
- Koppelwerkwoorde
- Ontkenning.
- 'n Resensie skryf oor 'n film.
- Mini-ondersoeke doen oor TV.

1. Ons eet uit saam met Hägar. Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae.




VRAE:

1. Waar is Hägar en sy vrou?
______________________________ (1)
2. Waarom kan sy nog nie bestel nie?
______________________________ (1)
3. Haal twee woorde aan wat seekos aandui.
______________________________ (2)
4. Wat bestel hy vir 'n voorgereg?
______________________________ (2)
5. Wat bestel hy as nagereg?
______________________________ (1)
6. Sê of die volgende WAAR of ONWAAR is. Haal aan om jou antwoord te bewys.
   - Hägar bestel sterk drank.
   ______________________________ (2)
7. Waarom bestel sy 'n groter tafel?
______________________________ (1)

(10)

2. Die oefening is op die strokiesprent gebaseer.

1. Die (deftig) __________ kelner met sy s__________ en swart p__________ neem hulle b__________. Mevrou is nog (nie seker) __________ (een woord) oor wat sy wil __________.
2. Sy bestudeer nog die s__________ in haar hand. Hägar bestel 'n v__________, h__________ en n__________. Hy bestel (baie) __________ as almal in die restaurant. __________ vrou het nog nie 'n (kies) __________ gemaak nie. Albei het hoede met twee (klein horing) __________ op hulle koppe.
3. Hulle sit __________ (voorsetsel) die (eet + tafel) __________ en Hilda besef die ronde (klein tafel) __________ is te klein vir Hägar se (eet + lus) __________.
4. Hy bestel twee soorte aartappels: (bak) __________ aartappel en (tjips) __________ (Afrikaans) Hy sit met (vou) __________ arms. Die (glimlag) __________ kelner dink seker aan die f__________ wat hy gaan kry vir sy (goed) __________ diens.
5. Ek is nog besig om te besluit.
   Nee, ______________________________
6. Ek sal die hoendersop neem en dan die twaalf oesters met 'n knoffelsous.
   Gister ______________________________
   ______________________________
7. "Wat kan ek vir u bring, Mevrou?" vra die kelner.
   Die kelner vra vir Mevrou ______________________________
8. "Is u gereed om te bestel?" vra die kelner.
   Die kelner vra ______________________________

4.1 Verbeter die spelling, indien nodig. (1)
4.2 Gee die korrekte vorm van die woord. (1)
4.3 Gee een woord vir die omskrywing. (1)
4.4 Gee die korrekte vorm van die woord. (1)
4.5 Gee een woord vir die omskrywing. (1)
4.6 Gee die meervoud. (1)
4.7 Gee die korrekte vorm van die woord. (1)
4.8 Gee een woord vir die omskrywing. (1)
4.9 Gee die korrekte vorm van die woord. (1)
4.10 Gee die antoniem. (1)
4.11 Gee die korrekte vorm van die woord. (1)
4.12 Gee een woord vir die omskrywing. (1)
4.13 Gee die ontbrekende woord. (1)
4.14 Gee die korrekte vorm van die woord. (1)
4.15 Gee die korrekte vorm van die woord. (1)

**[15]**

**VRAAG 5**

Lees die strokie en voer dan die onderstaande opdragte uit.




5.1 Verbeter die woordorde in die volgende sin:

Die mense geduldig by die OTM in die ry staan en wag. (1)

5.2 Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies:

a) Die mense in die ry is almal (kliënt) van die bank.
b) Hoe (lank) sy in die tou moet wag, hoe (kwaad) word die ouma. (3)

5.3 Gee elke keer een woord vir die gedeelte tussen hakies:

a) Die ouma druk haar (kaart van die bank) met 'n glimlag in die OTM se gleuf.
b) Die mense het nie geweet die "misdadiger" is 'n (baie ou) vroutjie nie.
c) Die een (klein man) het sommer weggehardloop. (3)

5.4 Skryf die ontbrekende woord neer:

Die mense het gedink die ouma is iemand wat 'n misdaad wil ___. (1)

5.5 Waarvoor staan die afkorting OTM? (1)

5.6 Kies die korrekte woord:

As jy op jou (eier, uie, eie) na 'n OTM gaan, moet jy ekstra versigtig wees. (1)

**[10]**

**[TOTAAL: 65 punte ÷ 1.625 = TOTAAL UIT 40]**

VRAAG 4

Voer die opdragte uit wat op die genommerde gedeeltes in die teks gebaseer is.

**Storm sleur skermswewer hoër as Everest**

'n Duitse kampioen-skermswewer het oorleef nadat sy in 'n donderstorm in 4.1 (Australia) ingesuig is.

Die Duitse vrou, me. Ewa Wisnerska (35), is tot 'n 4.2 (hoog) van 9 144 m weggevoer terwyl sy besig was om te oefen voor die wêreldkampioenskapsbyeenkoms volgende week.

"Haar hele liggaam, haar harnas en toerusting was met 4.3 (bevrore water) omhul. Op daardie hoogte is die temperatuur – 40 °C tot – 50 °C," het die 4.4 (organiseer), mnr. Godfrey Wennes, gister gesê.

'n 4.5 (Wat veertig jaar oud is) lid van die Chinese span is dood in die skielike storm, wat losgebars het terwyl sowat 200 4.6 (lid) besig was om tydens 'n roetinevlug te vlieg.

Wisnerska, 'n lid van die Duitse span, is binne slegs tien minute 4.7 (hoog) as Everest (8 850 m) weggevoer. Sy was byna 'n uur lank 4.8 (nie by haar bewussyn nie).

"Daar is geen suurstof nie," het Wennes gesê. "Sy kon breinskade opgedoen het. Sy het egter op 'n hoogte van 6 900 m weer 4.9 (bykom) met ys op haar hele liggaam en sy het toe self begin 4.10 (styg)."

Wisnerska is in die hospitaal opgeneem met erge vriesbrand en blase op die gesig, maar sy is sedertdien 4.11 (slaan) en besig om te herstel.

Skielike, 4.12 (wat nie verwag word nie) donderstorms is algemeen tydens Australiese somers en groot stede 4.13 (____) gereeld deur onder hael, swaar reën en 4.14 (vernietig) winde.

'n 4.15 (Brittanje) spanlid het vroeër vandeesmaand oorleef nadat twee arende haar skerm laat inmekaartuimel het terwyl sy in dieselfde omgewing gevlieg het.

[Verkort uit *Die Burger*, 17 Februarie 2007, bl. 6]

**VRAAG 4**

Die onderstaande vrae is op die volgende advertensie gebaseer:




[Uit: *Weg*, Maart 2007, bl. 20]

4.1 Skryf net die ontbrekende woorde neer:

a) In die illustrasie links in die advertensie is die ___ se bek wyd oop.
b) As 'n mens 'n blaaskans wil neem, kan ___ na Weg se Plek gaan.
c) Om 'n blaaskans te neem beteken om 'n bietjie te ___. (3)

4.2 Beantwoord die volgende vrae in volsinne. Begin soos aangedui.

a) Sal hulle die KKNK-fees wil misloop? (Nee, ...)
b) Was hulle al by die nuwe Weg se Plek? (Nee, ...) (2)

4.3 Gee een woord vir die gedeelte tussen hakies:

Die KKNK-fees is nie net 'n ou (klein fees) nie; dit is 'n baie groot geleentheid. (1)

4.4 Skryf die getal in die volgende sin volledig uit:

Daar was 14 ander stalletjies naby die rivier. (1)

4.5 Kies die korrekte woord:

Die fees was so wonderlik dat ek geen oomblik (vervelig, verveeld) was nie. (1)

4.6 Verbind die sinne met die voegwoorde tussen hakies:

a) Ek gaan kuier by Weg se Plek. Ek wil 'n blaaskans neem. (want)
b) Oudtshoorn is ver van hier. Baie mense gaan per motor daarheen. (alhoewel)
c) Die KKNK is baie gewild. Duisende mense besoek dit elke jaar. (gevolglik) (3)

4.7 Verbind die sinne met betreklike voornaamwoorde:

a) Die persoon doen uitstekende werk. Die persoon organiseer die fees.
b) Die konsert was opwindend. Ons het na die konsert toe gegaan. (2)

4.8 Herskryf die volgende sin met die nodige leestekens:

Christa sê Ja dit was regtig die moeite werd om na die fees te gaan (2)

**[16]**

**VRAAG 5**

Bestudeer die spotprent en voer dan die opdragte uit.




[Uit *Die Burger*, 31 Oktober 2006, bl. 16].

5.1 Gee elke keer een woord vir die gedeelte tussen hakies:

a) Die kinders is nie met 'n (klein rottang) geslaan nie, maar met 'n grote.
b) In die pa se (kind + dae) het hy dikwels pak gekry.
c) Die hond is hierdie gesin se (dier wat hulle liefhet en versorg).
d) Die pa se woorde is eintlik (baie snaaks) as 'n mens kyk na hoe hy lyk.
e) Die sitkamer lyk maar baie (nie netjies nie). (5)

5.2 Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies:
a) Toe die pa (jong) as nou was, was hy dalk 'n gedissiplineerde mens.
b) Die muis dink die pa sê een van die (snaaks) goed wat hy nog ooit gehoor het. (2)

5.3 Skryf die ontbrekende woord neer:

Die pa sit en kyk ___. (1)

5.4 Gee 'n antoniem vir die skuinsgedrukte woord:

Die pa lyk asof hy van 'n *ordelike* lewe hou. (1)

5.5 Gee 'n sinoniem vir die skuinsgedrukte woord:

Die seun dink moontlik sy pa praat die grootste klomp *onsin*. (1)

**[10]**

**VRAAG 4**

Voer die opdragte uit wat op die genommerde gedeeltes in die teks gebaseer is.

**Hond perdfris ná rit in bakkie-enjin**

'n Jack Russell het 'n nagmerrierit oorleef 4.1 (toe, wanneer, dan) sy vir 230 km teen 'n spoed van 120 4.2 (km/h) in 'n viertrekbakkie se enjin vasgesit het.

Behalwe dat Bella vol ghries, baie dors en verskrik was, was sy ongedeerd. Sy het 4.3 (selfs, self) 'n uur later 'n rot gevang om te wys sy het volkome van haar 4.4 (trauma) ervaring herstel.

Mev. Riekie Nel het gesê Bella het van Tzaneen tot in Sabie tussen die bakkie se enjin en 'n plaat wat die enjin beskerm, gelê. "Net haar stert en tong het 4.5 ( ___ ) weerskante van dié plaat uitgehang."

Dié voorval het Sondag 4.6 (plaasgevind) toe mnr. Nel en sy seuns huis toe gery het nadat hulle die naweek op sy ma se plaas by Tzaneen 4.7 (gekuier, besoek) het.

"Toe hulle sowat twee 4.8 (ure, uur) op die pad terug Witrivier toe was, het hulle twee 4.9 ("times") 'n geluid soos 'n hond se tjank gehoor. Dit was nadat hulle by die Strydom-tonnel gestop het om petrol in te gooi." Hulle het egter die "getjank" 4.10 (ignoreer) toe hulle nie kon vasstel van waar dit kom nie.

"Hulle het deur Graskop gery en in Sabie gestop om kos te koop by die Wimpy. Net toe hulle daar wou wegry, het die bestuurder van die Wimpy my man 4.11 (stop en sê) daar is 'n hond onder die bakkie. My man se maag het 'n 4.12 (woes) draai gemaak, 4.13 (omdat, want) hy het nie geweet wat om te verwag nie."

"By nadere ondersoek blyk dit toe 4.14 (dis, dus) Bella, een van my 4.15 (jou man of vrou se ma) se vele Jack Russells." Die Nel-gesin vermoed Bella het agter 'n rot, wat onder die plaat ingekruip het, aangehardloop.

[Verkort uit *Die Burger*, 26 April 2007, bl. 1]

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Kies die korrekte woord. | (1) |
| 4.2 | Skryf die afkorting uit. | (1) |
| 4.3 | Kies die korrekte woord. | (1) |
| 4.4 | Gee die korrekte vorm van die woord. | (1) |
| 4.5 | Gee die ontbrekende woord. | (1) |
| 4.6 | Gee 'n sinoniem. | (1) |
| 4.7 | Kies die korrekte woord. | (1) |
| 4.8 | Kies die korrekte woord. | (1) |
| 4.9 | Vertaal in Afrikaans. | (1) |
| 4.10 | Gee die korrekte vorm van die woord. | (1) |
| 4.11 | Skryf in die verlede tyd. | (1) |
| 4.12 | Gee die korrekte vorm van die woord. | (1) |
| 4.13 | Kies die korrekte woord. | (1) |
| 4.14 | Kies die korrekte woord. | (1) |
| 4.15 | Gee een woord vir die omskrywing. | (1) |

**[15]**

**[TOTAAL: 65 punte ÷ 1.625 = TOTAAL UIT 40]**



**VRAAG 1**

Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord dan die vrae in enkele woorde, aanhalings of kort sinne.




| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Na watter twee bestemmings kan 'n mens vanaf Kaapstad op die RMS St Helena vaar? | (2) |
| 1.2 | Watter ander doel het die RMS St Helena behalwe om passasiers te vervoer? | (1) |
| 1.3 | Haal twee opeenvolgende woorde uit die teks aan wat na 'n tydperk van lank gelede verwys. | (1) |
| 1.4 | Op watter twee maniere kan 'n mens vanaf Walvisbaai terugkeer as jy nie per skip verder wil gaan nie? | (2) |
| 1.5 | Wat sê die woord "asemrowende" oor die eiland St Helena? | (1) |
| 1.6 | Gee net die ontbrekende woord: | |
| | Die eiland St Helena word die Atlantiese skat genoem omdat dit in die Atlantiese ___ is. | (1) |
| 1.7 | Op watter twee maniere kan 'n mens met Andrew Weir Shipping in verbinding tree as jy hulle nie wil bel nie? | (2) |

**[10]**

## Hersieningsaktiwiteit 16

30 minute




1. Gee jou eie antwoord vir die vraag in die eerste strokiesprentjie. (2)
2. Skryf die gesprek in die tweede prentjie in die indirekte rede. (2)
3. Wat is die rede vir die gebruik van die kolletjies in die derde prentjie? (1)
4. Waarom is die woorde in die vierde prentjie in donker letters gedruk? (1)
5. Hoe dink jy hoe weet hulle wat die meisie se werk is? (2)
6. Skryf die volgende woorde in die verlede tyd:
   'n Rukkie gelede gaan ek soontoe om 'n tatoe te kry. (2)
7. Skryf dieselfde sin nou oor in die toekomende tyd. (2)
8. Daar is drie werkwoorde in die eerste prentjie. Sê watter soort werkwoorde dit is. (3)
9. Die werkwoord "is" kan 'n hulpwerkwoord of 'n koppelwerkwoord wees. Kyk na die volgende twee sinne en sê watter die hulpwerkwoord en koppelwerkwoord is.
   a) Die man is gister deur die polisie gevang.
   b) Die klere wat sy dra is baie mooi. (2)
10. Hoekom dink jy sê hulle dit het lank gevat voor hy die moed gehad het om haar te vra? (2)




11. Skryf die besitlike voornaamwoord neer wat in die eerste prentjie gebruik is. (1)
12. Gee die vraende voornaamwoord in die vierde prentjie. (1)
13. Skryf die direkte woorde in die derde prentjie oor in die indirekte rede. (2)
14. Maak 'n nuwe woord van die woord: *doen* deur 'n voor- en agtervoegsel aan die woord te las. (2)


© Heinemann 2013 Hierdie bladsy mag gefotokopieer word

15. Skryf die volgende sin in die regte woordorde: Hou STOMPI in gedagte as jy die woorde skommel: die boek lees vanaand lekker in die bed ek. (1)
16. Wat is die funksie van die dubbelpunt en die aanhalingstekens in prentjie drie? (1)
17. Watter afleiding maak die spreker in die vierde prentjie? (2)
18. Haal 'n tussenwerpsel aan uit die tweede strokie? (1)
19. Gee een woord om die gesigsuitdrukking te beskryf van die een wat die vrae gevra het in die vierde prentjie. (1)

**Totaal: 30 punte**


© Heinemann 2013 Hierdie bladsy mag gefotokopieer word

## AFDELING C: KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK

### VRAAG VIER: WOORDGEBRUIK EN WOORDSTRUKTURE

- ***Bestudeer die volgende prent versigtig.***




**INSTRUKSIES:**

- Voltooi die volgende paragrawe soos aan die regterkant aangedui.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

| | |
|---|---|
| Dis al 'n week lank dat tant Fiena oor tandpyn kla. Sy besluit om 'n afspraak met 'n **4.1(tand + arts)** te maak. **4.2(dr.)** Bentley moet eers uitvind waarom haar tand so **4.3(seer/suur)** is. | 4.1 Skryf <u>EEN</u> woord.<br>4.2 Skryf voluit.<br>4.3 Kies die korrekte woord. |
| Hy sit eers sy **4.4(glase/bril)** op sodat hy duidelik kan sien. **4.5(Nadat)** hy vasgestel het waar die probleem was, het hy haar ingespuit. Tant Fiena word **4.6(baie + bang)** toe dr. Bentley 'n **4.7(gatjie/ gaatjie)** in haar tand boor. Terwyl sy haar **4.8(oog)** wyd ooprek, staan die **4.9(verpleër)** agter haar en glimlag. | 4.4 Kies die korrekte woord.<br>4.5 Gee die antoniem.<br><br>4.6 Gee <u>EEN</u> woord.<br>4.7 Kies die korrekte woord.<br>4.8 Gee die korrekte vorm.<br>4.9 Gee die vroulike vorm. |
| Dit is nou die **4.10(twee)** tand wat die dokter vul. Sy voel nou **4.11(goed)** as gister. Nou kan sy sonder pyn met **4.12 (haar/sy)** huiswerk aangaan. | 4.10 Gee die korrekte vorm.<br>4.11 Gee die korrekte vorm.<br>4.12 Kies die korrekte woord. |

Blaai om .../• *Bestudeer* ...





Nr. 4.

- ***Bestudeer die volgende strokiesprent versigtig.***




**INSTRUKSIES**

- Voltooi die volgende paragrawe soos aan die regterkant aangedui.
- Skryf die vraagnommer en die antwoord neer.

| | |
|---|---|
| Rina is so bly dat al die **4.13(skool)** gesluit is. Sy sê **4.14(koebaai)** aan vroeg opstaan. Nou hoef sy nie **4.15(elke dag)** vroeg op te staan om die bus te **4.16(haal/vang)** nie. Sy hou van Engels wat uit agt **4.17(periode)** bestaan. Rina voel **4.18(ongeluk)** want haar ma sê sy moet help met die huiswerk. | 4.13 Gee die korrekte vorm.<br>4.14 Gee 'n sinoniem.<br>4.15 Gee <u>EEN</u> woord.<br>4.16 Gee die korrekte vorm.<br>4.17 Gee die korrekte vorm.<br>4.18 Gee die korrekte vorm. |
| Haar klere lê oral op die vloer rond. Rina se kamer is nie **4.19(skoon)** nie. Haar klein **4.20(T-hemp)** hang oor die leeslamp. | 4.19 Gee 'n Antoniem.<br>4.20 Gee die korrekte vorm. |
| Rina se **4.21(ma en pa)** wil hulle **4.22(jonk)** dogter dissiplineer, daarom **4.23(help/hulp)** hulle haar nie om haar kamer skoon te maak nie. 'n Mens moet altyd **4.24(jy/jou)** goeters netjies wegpak. | 4.21 Gee <u>EEN</u> woord.<br>4.22 Gee die korrekte vorm.<br>4.23 Kies die korrekte woord.<br>4.24 Kies die korrekte woord. |

(24 ÷ 2) **[12]**

.../VRAAG VYF:

## Toets jouself

1. Kies die korrekte antwoord tussen hakies:
   Die spreker in hierdie gedig is 'n (visserman/hengelaar). (1)
2. Hoekom is die roeier in hierdie boot belangrik? (1)
3. Hoe weet jy hierdie vissermanne gebruik nie 'n moderne vissersboot nie? (1)
4. Kies die korrekte antwoord tussen hakies:
   Die snoekvangers gebruik (visstokke/handlyne) om die snoek te vang. (1)

## Kontekstuele vrae

1. Watter woord in strofe 1 wys dat daar meer as een visserman op die boot is? (1)
2. As die snoek byt, moet die visserman die handlyn en hoek liggies roer.
   Waarom is hierdie stelling onwaar? Verduidelik jou antwoord met behulp van 'n aanhaling. (1)
3. Waarom word die vangproses in kort woorde en sinne in strofe 1 beskryf? (1)
4. Haal 'n reël uit die gedig aan wat vir ons wys dat 'n snoek gevaarlike, skerp tande het. (1)

5.1 Watter twee aksies word dadelik met die snoek uitgevoer as die vis in die boot gelig word? (2)

5.2 Beskryf jou reaksie op die woord "nekbreek" (reël 9). (2)

6. Wat is die funksie van die bladwit spasie in reël 10? (1)
7. In reël 13 beskryf die spreker hoe die snoek "met sy hele lyf" veg.
   Gee twee opeenvolgende woorde uit strofe 2 wat beskryf hoe die snoek sukkel. (1)
8. Skryf 'n neologisme uit strofe 2 neer en verduidelik dit volledig. (2)
9. Gee 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 2 en sê wat die funksie daarvan is. (2)
10. Watter waarde-oordeel word in die gedig uitgespreek? Wat is jou siening van hierdie waarde-oordeel? (2)
11. Skryf in ongeveer 20 woorde wat die tema van die gedig is. Haal uit die gedig aan om jou antwoord te ondersteun. (3)

## Verryking

Daar is baie mense wat beswaar het teen die lyding wat diere ondergaan sodat mense die diere as kos kan eet. Dink jy hierdie gedig kan in die stryd teen die mishandeling van diere gebruik word? Dink jy dit is 'n gedig wat vegetarisme bevorder? Hou 'n klasbespreking oor hierdie vrae.



**Toets jouself**

1. visserman (1)
2. Hy dra sy kennis oor visvang aan die minder ervare vissers oor. (1)
3. Ons weet, want die spreker noem dat hulle op 'n roeiboot is OF hy noem dat die roeier hulle touwys maak. (1)
4. handlyne (1)

**Kontekstuele vrae**

1. "Ons" (reël 1) (1)
2. Onwaar
   "as jy een voel, ruk vinnig, hard." (reël 4) (1)
3. Dit word so beskryf omdat die snoekvangproses vinnig, presies en dodelik moet wees. (1)
4. "– versigtig vir die tande!" (reël 6) (1)

5.1 Die hoek word uit die vis se bek gehaal en die vis se nek word gebreek. (2)

5.2 Dit wek die gevoel van 'n lewe beëindig op 'n baie gewelddadige en wrede manier. Eie mening. (2)

6. Dit dui op tydsverloop: die visserman is nou by die huis en nie meer op die boot nie. (1)
7. "kiewe gulp" (reël 15) (1)
8. "waterlug" Vir die snoek/vis is die water die plek waar hy leef en asemhaal. (2
9. "sy stert sou swingel" (reël 14) – versterk die aksie van die spartelende vis OF
   "snags sou aanhou staar?" (reël 17) – versterk die starende oë van die vis wat die visserman nie kan vergeet nie. (2)
10. Die digter oordeel nie iemand spesifiek nie, maar hy oordeel mense se waardes as hulle diere mishandel en doodmaak sodat mense dit kan eet of voordeel daaruit kan trek. Leerder se mening hieroor. (2)
11. Die worsteling van die visserman, wat as bron van inkomste en voedsel 'n snoek op 'n wrede manier moet doodmaak.
    Die visserman onthou die snoek se oë: "sy oë / snags sou aanhou staar" na die dag se vangs waar hy die snoek moes "nekbreek". (3)

1. visserman (1)
2. "Ons" (1)
3. Waar
   "ruk vinnig, hard" (2)
4. Die visserman moet baie versigtig vir die tande van die vis wees. (1)

Die bladwit spasie dui 'n tydsprong aan:
Die visserman is nou tuis. (1)
"vasgebyt" beteken letterlik die snoek het die hoek vasgebyt.
"vasgebyt" beteken figuurlik dat die vis spartel en vasbyt om aan die lewe te bly. (2)
"sy stert sou swingel" (Alliterasie moet aangedui word.)
Die tegniek is alliterasie. (3)
B ('n neologisme) (1)
"gulp" (1)
retoriese vrae (1)
Die visserman voel sleg omdat hy die vis van sy lewe beroof het.
Die vraag of die vis ook die reg het om te bly lewe. (1)
Oop vraag: Antwoord oor die reg van visse om te bly lewe. (1)

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 11.1 | d | a | d | e | l | i | k | | | |
| 11.2 | i | n | k | o | m | s | t | e | | |
| 11.3 | e | r | v | a | r | i | n | g | | |
| 11.4 | s | n | a | g | s | | | | | |
| 11.5 | n | e | k | b | r | e | e | k | | |
| 11.6 | o | n | g | e | l | u | k | k | i | g |
| 11.7 | e | l | m | b | o | o | g | | | |
| 11.8 | k | i | e | w | e | | | | | |

(8)